

21 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 23:1-6

Fokusgedeelte: Psalm 23:1 en 6

“Ek kom niks kort nie!”

Dit is gepas dat Psalm 23 na Psalm 22 volg. In Psalm 22 kry ons vir Dawid wat uitroep: “My God, my God, waarom het U my verlaat ...?” Die teoloog Spurgeon het Psalm 22 die Psalm van die Kruis genoem.

Ons weet dat ons Here Jesus se kruiswoorde, wat 'n aanhaling uit Psalm 22:2 is, later vir ons die troos sou word dat ons nooit weer deur God verlaat sou word nie. En hierdie waarheid leer ons in Psalm 23.

Ons hoor vandag nie baie mense wat sê: “Ek kom niks kort nie.” Orals om ons beleef ons mense wat kla en redes soek waarom hulle nie genoeg het nie en waarom hulle nie tevrede kan wees nie. Maar gelowiges het rede om saam met Dawid te sê: “Ek kom niks kort nie.” Waarom kan ons dit sê?

In die bekendste van alle Psalms word die Here beskryf as ons Herder en ons Gasheer. Dawid het as herder besef watter behoeftes die skape het en hoe daar vir hulle gesorg moet word. Dawid het ook geweet dat 'n skaap nie 'n wilde dier is nie, maar 'n dier wat deur iemand besit word. Besef ons dat ons Herder ons met sy bloed gekoop het en ryklik in al ons behoeftes wil voorsien (Fil 4:19)? Dit sien ons veral in die beeld van die Here as ons Gasheer.

Ons is in Christus nou al reeds in die huis van die Here. Ons kan nou al reeds die goedheid en liefde van ons hemelse Vader beleef. Niks in hierdie lewe kan ons uit sy hand ruk nie (Rom 8:38). Omdat Hy ons Herder en Gasheer is, vervul Hy al ons tydelike en ewige behoeftes. Mag ons dit in die geloof raaksien.

Sing: Psalm 147:2 (Totius)

Ds W van den Heever (Rietvallei)